**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 12**

**VRAESTEL 2**

**JUNIE EKSAMEN 2019**

**PUNTE : 70**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit *12* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.

*2.* Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

*3.* Beantwoord **AL** DIE VRAE.

   **AFDELING A: ROMAN**
   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene (Hoofstuk 1 – 16)***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA**
   Beantwoord die vrae oor die volgende drama: ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

***4.*** Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.

***5.*** Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

***6.*** Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

***7.*** Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

***8.*** Skryf netjies en leesbaar.

***STERKTE!!***

**AFDELING A: ROMAN**

**VRAAG 1**

***LIEN SE LANKSTAANSKOENE*** (Derick van der Walt)

Beantwoord AL die vrae.

**TEKS A**

*As I sit and watch the snow*
*Fallin' down*
*I don't miss you at all*
*I don't miss you at all*

**verduidelik Norah.**

**Sy hou haar ma dop terwyl sy kou. Christien Jooste was eenmaal 'n** *beaut*. **Nou lyk sy oud en verwaarloos. Myle opgesit die laaste twee jaar. Sy het 'n slordige, vormlose bloes aan, en haar digte swart hare is ongekam. Sy gebruik nooit meer grimering nie.**

**Haar ma se gesig is die ene** *Planet Euphoria*. **Dis nie net die wyn nie, weet Lien. Musiek kon haar ma nog altyd na aan die hemel bring, wyn ofte not.**

**Dan bars die hel los. Die pianis is nou in vyfde rat en daar is geen sprake van 'n wysie meer nie. 'n Kakofonie van klanke, sê Lien in haar kop. Waar het sy dit onlangs gehoor? Ka-ko-fo-nie-van-klan-ke, sê sy stadig weer in haar kop.**

**"'n Kakofonie van klanke," sê sy hardop.**

**Haar ma hoor nie, of sy maak of sy nie hoor nie. Sy maak snaakse rukbewegings met haar kop op maat van die musiek. Haar oë is steeds toe.**

**"Speel asseblief vir my iets," sê Lien op die ingewing van die oomblik. "Ma het eeue laas aan die klavier gevat. Speel vir my daai Schubert-ding wat Ma altyd net vir my gespeel het toe ek klein was," pleit sy byna.**

**Haar ma antwoord nie. Sy skud haar kop heen en weer op die maat van die musiek.**

**"Dis die tweede beweging," sê haar ma, met haar neus in die CD-speler. "Jy moet die derde hoor. Dis éintlik die klavierkonsert se** *claim to fame*.**"**

**Liewer nie, dink Lien. Sy stap kamer toe om te gaan aantrek vir haar onderhoud met tant Malie.**

**"Ek gaan die klavier vir kos verkoop," skreeu sy oor haar skouer vir haar ma.**

**1.1 "Christien Jooste was eenmaal 'n** *beaut*" **(reël 6)**

**1.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.**

**Uit hierdie aanhaling kan 'n mens aflei dat (Christien nou haar voorkoms afskeep/sy haarself nou beter versorg). (1)**

**1.1.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.1.1 met TWEE feite uit die roman. (2)**

**1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.2) neer.**

**"Dan bars die hel los. Die pianis is nou in vyfde rat ..."**

**Uit hierdie woorde kan ons aflei dat die musiek ... was.**

**A sag en mooi**
**B hard en ritmies**
**C sag en deurmekaar**
**D hard en deurmekaar (1)**

**1.3 Wie is "Norah"? (1)**

**1.4 Wat was nog altyd Christien se passie in die lewe? (1)**

**1.5 Christien het haar nou oorgegee aan drank.**

**1.5.1 Stem jy saam met bogenoemde stelling?**

**1.5.2 Gee 'n goeie rede waarom jy so sê. (1)**

**1.6 "Speel asseblief vir my iets,"**

**1.6.1 Hoekom het Lien vir haar ma gevra om vir haar iets op die klavier te speel? (1)**

**1.6.2 Hoe weet ons Lien was desperaat dat haar ma iets vir haar speel? Haal drie opeenvolgende woorde uit die aanhaling aan wat dit vir ons sê. (1)**

**1.7 Waarom het Lien 'n onderhoud met tant Malie? (1)**

**1.8 Gee die naam van tant Malie se besigheid. (1)**

**1.9 Wat het Lien op die eerste dag by tant Malie, verkeerd gedoen? (1)**

**1.10 Malie Dry was 'n moeilike mens met baie reëls.**

**Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (1.10.1 tot 1.10.4) neer.**

**Lien mag die vroulike kliënte nie (1.10.1) ... noem nie. Lien hoop om baie (1.10.2) ... te kry sodat sy geld kan spaar vir (1.10.3) ... en om (1.10.4) ... te koop vir die leë yskas.** **(4)**

**1.11 Gee een rede waarom Lien en Wouter sulke groot vriende geword het.** **(1)**

## EN

**TEKS B**

**Lien kliek dadelik met Tibbey. Sy lag vir al sy sêgoed en sy raak beskrywings van die mense wat by hulle verbyry. "He got it all this morning," sê hy van 'n man wat by hulle verbyry en vrolik waai.**

**En Tibbey ken die lewe hier op die hoeke. Hy weet wat gaan vir wat. "You must look them in the eye," sê hy vir Lien. "They must know you know they are there. Dan voel hulle bietjie** *guilty* **as hulle nie vir jou gee nie. Maar jy moet nie te** *aggressive* **wees nie. Dan maak jy hulle bang. En jy sê altyd dankie, die Here seën u. Hulle wil weet jy** *appreciate* **die** *hand-out*, **want jy is mos arm** *and you need them.* **They don't need you."**

**Sy verstaan ook mettertyd waarom Roos so boos was toe sy die eerste dag per ongeluk op haar hoek kom staan het. Elkeen het sy staanplek en 'n mens respekteer dié ongeskrewe reël. Sy kan maar net hoop Johnny wat nou in Johannesburg is, maak nie die een of ander tyd sy opwagting om sy hoek terug te eis nie.**

**Roos bly onvriendelik en maak asof Lien nie bestaan nie. Sy praat partymaal met Tibbey op Sotho, so asof sy dit duidelik wil maak dat Lien nie deel van die gesprek is nie. Lien probeer nou en dan met haar 'n geselsie aanknoop, maar Roos sê gewoonlik net ja of nee.**

**1.12 Wat noem ons hierdie nuwe "werk" wat Lien nou doen?** **(1)**

**1.13 Lien moet haarself vermom om hierdie "werk" te doen.**

**Noem twee dinge wat Lien gebruik om haarself mee te vermom.** **(2)**

**1.14 Pas die name in KOLOM B om by die stellings in KOLOM A te pas.
Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord, bv. 1.14.1 A.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.14.1 Hy ondersteun eintlik Mamlodi Sundowns. | A. Roos |
| 1.14.2 Sy wou haar werk terughê. | B. Agie |
| 1.14.3 Hy het ook nie internet by die huis nie. | C. Tibbey |
| 1.14.4 Sy het 'n dogter en drie kleinkinders. | D. Sue-Ellen |
| | E. Christien Jooste |

**(4)**

**1.15 Hoe het dit gebeur dat Lien op hierdie tipe werk besluit het? (1)**

**1.16 Die volgende stelling is ONWAAR. Gee 'n goeie rede om dit te bewys.**

**Bedelaars het geen reëls nie en doen net wat hulle wil. (1)**

**1.17 Roos het vir Lien raad gegee.**

**Wat was die twee dinge wat Lien, volgens Roos, moes doen? (2)**

**1.18 Gee 'n goeie rede waarom Tibbey meer geld as Roos en Lien verdien het. (1)**

**1.19 Waarom vermy die motoriste oogkontak met die mense wat op die straathoeke staan? (1)**

**1.20 Lien het 'n rol in juffrou Breytenbach se meesterstuk gekry.**

**1.20.1 Wat was die rol wat Lien gekry het? (1)**

**1.20.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer as antwoord, bv. 1.20.2 A.**

**Lien moes die karakter deur middel van ... oordra.**

**A haar woorde en aksies**
**B gesigsuitdrukkings**
**C haar liggaamshouding**
**D gesigsuitdrukkings en haar liggaamshouding (1)**

**1.21 Waar bly Tibbey en hoe betaal hy vir sy verblyf daar? (2)**

**1.22 Op watter musiekinstrument het Hein gespeel toe hy op die pawiljoen gesit het? (1)**
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35 PUNTE**

**AFDELING B: DRAMA**

**VRAAG 2: PALJAS (Chris Barnard)**

**TEKS C**

**36. Dis aand. Hendrik, Katrien en die kinders sit by die lamplig en eet.**

**HENDRIK: Ons sal ten minste nog tot môre met hulle sit. Die oorlaaitrok is Oudtshoorn toe. Die 34 sal nie die vrag vat nie.**
**KATRIEN: Arme mense. Het hulle ooit iets om te eet vanaand?**
**HENDRIK: Hoe moet ek weet?**
**KATRIEN: Maar ons moet seker gaan hoor ...**
**HENDRIK: Hulle het 'n kombi. Die dorp is net oor die bult.**
**KATRIEN: Ja, maar al die diere.**
**HENDRIK: Leeus vreet een keer 'n week. (***Hy kyk vir Willem en vee oor sy hare.***) Hè, Willempie – wat sê jy? Gaan jy vanaand in jou eie kamer slaap?**
**KATRIEN: Hendrik! (***Sy skud haar kop.***)**
**EMMA: Ek wonder waar slaap húlle?**
**HENDRIK: (***tot Emma***): En vir wat is jy so opgetof vanaand?**
**EMMA: Waar's ek opgetof?**
**HENDRIK (***tot Katrien, asof hy ondersteuning soek***): Sy kleur nooit haar gesig in as Nollie kom kuier nie. (***Dan direk tot Emma.***) Jy bly weg van daardie spul af, gehoor? Dis 'n klomp nikswerd Spaanse en Taljaners. En jy weet hoe's uitlanders. Hulle's net agter een ding aan.**

**Emma spring op en verdwyn in die gang; los haar kos net so.**

**KATRIEN: Dis nou wat jy daarvoor het.**
**HENDRIK: Wat? Dis my vaderlike plig. (***Katrien kyk vies weg.***) Sy's glad te wipperig deesdae.**
**KATRIEN: Die dag as jy ophou om Nollie aan haar te probeer afsmeer, sal sy dalk ophou om haar te wip.**
**HENDRIK: Ek praat van die teertoue hier oorkant die spoor, Katrina. Dis waarvan ek praat.**
**KATRIEN: Emma is nie so onnosel soos ek was nie.**
**HENDRIK: Om te wat nie?**

**Sy staan op en gaan uit. Hendrik sit vir die deur en kyk waar sy verdwyn het. Dan kyk hy vir Willem.**

**HENDRIK: Ek kan dit vir jou sê, want ek weet jy sal dit nie oorvertel nie. Vroumense is anders. (***Hy tik met sy wysvinger teen sy slaap. Dan vertroulik.***) As jy weet wat ek bedoel.**

2.1 Op watter plek speel hierdie drama af? (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die nommer en die letter neer, bv. 2.2 A.

Die nommers wat ons in die drama aantref is om ... aan te dui.

A. bladsynommers
B. tonele
C. straatnommers
D. ouderdomme (1)

2.3 Die beginskote van die drama is van 'n stoomtrein wat verby die spoorweghalte stoom. Wat is die doel hiervan? Gee twee redes. (2)

2.4 Watter tipe trein het op die syspoor by Hendrik se stasie gestop?

Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Dit was 'n (goederetrein/sirkustrein). (1)

2.5 Hoekom slaap Willem nie in sy eie kamer nie? (1)

2.6.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Van die begin van die drama af is dit duidelik dat die atmosfeer in die McDonald-gesin (vrolik/gespanne) was. (1)

2.6.2 Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

2.7 Waarom, dink jy, het Katrien en Emma so begaan gevoel oor die sirkusmense? (1)

2.8 Verduidelik wat die woord "paljas" beteken. (1)

2.9.1 Watter een van die sirkusmense het Willem bevriend? Gee sy naam. (1)

2.9.2 Hoekom vind Willem net aanklank by die man in 1.9.2 en nie by sy ouers nie? (1)

2.10 Emma is baie sensitief oor Nollie.

2.10.1 Om watter rede wil sy niks met Nollie te doen hê nie? (1)

2.10.2 Hoekom is haar pa so gretig om haar aan Nollie af te smeer? (1)

**2.11 Die stelling wat Hendrik aan Willem maak vertel ons wat Hendrik se probleem is.**

**Hy sê: "Vroumense is anders" ... (*Hy tik met sy wysvinger teen sy slaap*)**

**Wat is Hendrik se probleem met Katrien/vrouens? (1)**

**2.12 Waarom kan Hendrik met die sirkusleeu vergelyk word? (1)**

**TEKS D**

**136. Hendrik se trollie kom aan stasie toe. Hy swenk op die syspoor in en stop. Hy lyk moeg en stowwerig. En beneuk.**

**Hy vat sy kosblik en pet en mik vir sy kantoor. Maar hy hoor 'n gelag en gejil iewers en steek vas. Dis sonder twyfel Katrien wat so onbedaarlik lag. Asof sy gekielie word. Hy kyk werf toe. Wragtig! Daar staan Frans se bakkie voor die deur. Hendrik smyt sy kosblik en pet op die bankie voor sy kantoor neer en stryk aan huis toe. En 'n mens kan aan sy stap sien hy het nou heeltemal genoeg gehad. Amper by die huis kry hy 'n tweede gedagte: nie oop en bloot instorm nie; miskien net eers die kat uit die boom kyk. Hy loop tot teen die huis se symuur en stap al langs die muur af, want die gelag is skynbaar op die voorstoep.**

**Wanneer hy om die hoek beweeg, loop hy hom vas in iemand se rug.**
**Dis Frans. Wat, soos Hendrik, besig is om te probeer uitvind wat op die stoep aangaan.**

**Hendrik huiwer net 'n enkele oomblik, dan stap hy by Frans verby tot voor op die stoep.**

**Die nar en Willem is besig om goëltoertjies met 'n klompie balle uit te voer. En Katrien en Emma sit en kyk. Hulle lag vir die nar se manewales. Want hy maak heeltyd of hy 'n bal gaan misvang – en dan vang hy dit op die laaste nippertjie wel. Of hy struikel kastig en val – en vang dan steeds al die balle.**

**Hendrik vind dit self indrukwekkend en amusant.**

**Frans kom nader gestap en kom staan langs Hendrik.**

**HENDRIK (*tot Frans, skielik ernstig*): Jy kan bly wees.**
**FRANS: Waaroor?**
**HENDRIK: Ek sê jou net: jy kan wragtig van geluk praat!**

**En Hendrik verdwyn om die hoek van die huis.**

**2.13 Waarom het hierdie klein dorpie so 'n groot kerk? (1)**

**2.14 Waarvan het die dominee die McDonalds en veral Willem beskuldig? (1)**

**2.15 Wie, volgens die skinderbekke van die dorp, het gesê Hendrik het Willem se tong uitgesny? (1)**

**2.16 Hierdie drama beeld die lewe van die McDonalds uit.**

**Pas die struktuurelement in KOLOM B by die inligting in KOLOM A. Skryf net die antwoord (A – E) langs die vraagnommer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.16.1 Die verhoudings binne die gesin is herstel. | A. hoogtepunt |
| 2.16.2 Die sirkustrein kom op die stasie aan. | B. eksposisie |
| 2.16 3 Die McDonalds word deur die dorpsmense verneder. | C. ontknoping |
| 2.16.4 Willem en die nar word goeie maats. | D. motoriese moment |
| | E. verwikkeling |

**(4)**

**2.17 Hoe verhoog Frans die spanning in die drama? (1)**

**2.18 Wat het Hendrik gedink gaan hy sien toe hy Frans se bakkie op die werf sien en Katrien heerlik hoor lag? (1)**

**2.19 Wat bedoel Hendrik met die volgende woorde aan Frans:**

**"Jy kan bly wees." (1)**

**2.20 Net voor hierdie aangehaalde toneel, het Frans vir Katrien probeer soen. Sy wou nie en sê toe vir hom Willem praat weer.**

**Wat het sy eintlik vir Frans probeer sê? (1)**

**2.21 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.**

**Die nar het op die dorpie aangebly saam met Willem-hulle. (1)**

**2.22 Die McDonaldgesin se lewens het aan die einde van die drama verander.**

**Voltooi die paragraaf hieronder deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs EEN WOORD langs die vraagnommers neer.**

**(1.22.1) Willem het gesê hy gee kos vir die ... in die veld.**
**Willem het die nar in die (1.22.2) ... weggesteek.**
**Die McDonalds het die nar versorg nadat (1.22.3) ... hom geskiet het. Na die gebeure by die (1.22.4) ... het baie van die dorpsmense met die McDonalds kom vrede maak. (4)**

**2.23 Die nar se paljas het positiewe gevolge vir die McDonaldgesin gehad. Noem TWEE gevolge. (2)**

**TOTAAL AFDELING B: [35]**

**SOMTOTAAL: 70 PUNTE**